# S.A. POLISIE EN SWERWER-SPEURDER REEKS

## NO. 11.
## Geen Galg vir Jou.

**braam le roux**



Die byl kap woes deur die lug. Kobus val egter voor die Mtagati se voete plat. Die byl sny deur die lug en die Wit Mtagati tuimel oor Kobus se liggaam. Die halfnaakte wit figuur rol tot onder, tot teen die water. Hy spring dadelik op, maar skaars is hy op sy voete of Kobus swaai sy strydbyl. Hy dink nie nou meer aan die Wit Mtagati as 'n ontsnapte, ter dood veroordeelde wat lewendig teruggebring moet word nie. Nee, vir hom is die Mtagati 'n persoonlike vyand, 'n bloeddorstige wat trag om die land se gesag te ondermyn, wat onskuldige mense tot 'n pappery gekap het, wat Frieda Erlank in sy mag het, as hy haar nie miskien al doodgemaak het nie.



## INHOUD


| Hoofstuk | Bladsy |
|---|---|
| 1. Die Towenaar | 9 |
| 2. Die Towenaar Lag | 30 |
| 3. Afspraak in die Mis | 53 |
| 4. Geen Galg vir Jou | 75 |


## PROLOOG

Kobus Roode gebruik nooit sterk drank nie, maar hy staan vanaand met 'n glasie verdunde wyn voor hom. Langs hom staan maj. Wim Snyman. Dit is in die polisieklub en dit is reeds skuins voor tien.

,,Môre word Suid-Afrika se Vyand Nommer Een gehang, Kobus. Die Groot Towenaar word gehang, en was dit nie vir jou gewees nie, sou hy nou nog op vrye voet gewees het om sy bose dade te verrig. Ek hoef jou nie te sê wat 'n geweldige verlossing dit vir Suid-Afrika is nie.''

Hv moet erken dat hy vanaand effens senuweeagtig gestem is. Hy kan nie presies ontleed waarom nie. Is dit omdat die Groot Mtagati, die Groot Towenaar, môre aan sy nek gehang word totdat hy dood. . . dood is, of is dit oor die dreigemente wat die Towenaar in die hof jeens hom en ander geuiter het? Hy weet nie. Hy voel net senuweeagtig. Daarom dat hy hom laat omhaal het om 'n glasie saam met die Majoor te klink. Dit is waar, sers. Kobus Roode voel vanaand uitgeput, moeg, der dagen zat ná hierdie lang ondersoek en die lang dae in die veld agter die Groot Towenaar se spoor aan. En hierdie drankie werk nou stimulerend op hom in. Kobus hoor hoe dat een van die klubgangers, 'n jong kapteintjie, opgewonde met sy maats 'n paar tafeltjies van hom af gesels.

,,Conrad Nils, die Groot Towenaar, het vandag glo twee keer in die dodesel voorspel dat die Tokkelossi hom ter elfder ure van die galg sal red.''

Sy maat teenoor hom lag breed en sluk 'n mondvol whisky weg.

,,En jy praat asof jy glo dat dit moontlik kan gebeur dat iemand die veroordeelde kan red, net so, met 'n towerslag!''

,,Nee. . . nee, ek glo dit nie juis nie, maar dit laat my dink aan die swart kunste van Afrika, waarvan die witman nog so weinig weet. Onthou, daar is baie dinge in die hemel en op aarde. . .''

,,Luister vir Hamlet,'' spot sy maats die spreker en skater dit uit van die lag.

Kobus se mond plooi in 'n effense laggie en die Majoor laat sy swaar hand op Kobus se skouer rus.

,,Ja, Kobus, Conrad Nils, die Groot Mtagati, het die hele Suid-Afrika se verbeelding gaande gemaak. En hy het geweet

hoe om die Zoeloes tot aanbidding te bring. Hy ken hulle bygelowe seker beter as wat enigiemand van ons hulle ken. Hy het die geloof in die Tokkelossi gebruik om hulle sy slawe te maak, Hulle het geglo dat hy wonderwerke verrig het, en bo alles het hulle geglo dat hy redding gaan bring vir die Zoeloes, net asof die Zoeloes redding nodig het. Hulle het geglo dat die Groot Mtagati die wedergebore gees van Tjaka is. Die Groot Towenaar het begin moor en doodmaak en hy het die Zoeloes ook daartoe opgesweep. Maar troos jou, die Tokkelossi sal hom nie red nie. . ."

Kobus stoot sy glasie vinnig agteruit en kyk op na die Majoor. Die Majoor se woorde klink so eienaardig, so asof hy darem nog twyfel, half vrees dat daar 'n Tokkelossi is wat Conrad Nils nog kan help.

Kobus begin lag.

„Majoor, jy praat asof jy my wil oortuig dat die Tokkelossi hom nie van die galg kan red nie. Toe maar, ek is lank reeds oortuig. Dit lyk my hierdie dreigemente van Conrad Nils het almal senuweeagtig gemaak."

„Ek erken dit, Kobus, en dit laat jou ook nadink, al maak jy asof jy nie vatbaar is vir Nils se praatjies nie. Waarom drink 'n geheelonthouer soos jy vanaand 'n verdunde wyntjie?"

Hy lag heerlik oor sy aanmerking nog voordat Kobus daaroor kan lag.

„Met Conrad Nils se teregstelling môreoggend sal daar natuurlik ses kapteins van die Zoeloes teenwoordig wees, net om hulleself te oortuig dat die Tokkelossi hom nie kon help nie en om die boodskap dan na hulle onderdane terug te bring dat die Tokkelossi nie bestaan nie. Maar dink jy die Zoeloes sal daarna regtig nie meer aan 'n Tokkelossi en allerhande voorvadergeeste glo nie? Dink jy dat hulle sal ophou met hulle voorvaderfeeste en reënfeeste en religieuse moorde? Nee, hulle sal nie ophou nie, nie 'n duisend jaar se beskawing sal hulle anders laat glo nie. Op hierdie oomblik, terwyl die gesalfde van die Tokkelossi, Conrad Nils, op sy teregstelling wag, is die swartes in Zoeloeland opstandig, hou hulle voorvaderfeeste en stuur hulle soort massa-gebede op na 'n primitiewe god om die Tokkelossi te stuur om Conrad Nils te help."

Kobus Roode luister maar hy weet reeds alles waarvan Wim Snyman praat. Hy weet miskien meer, want dit is hy wat die Groot Towenaar deur die bosse, oor die berge, deur die riviere,



gevolg het, wat in die veld tussen die barbare geslaap het, hulle primitiewe gejoel in die nag gehoor het. Dit is hy wat Conrad Nils uiteindelik gevang het, nadat hy twintig moorde gepleeg het, of laat pleeg het, in die naam van die Tokkelossi. Maar Kobus weet dat die Majoor aangeklam raak en daarom so graag praat. Binne enkele oomblikke sal hy wysgerigte stellings begin kwytraak.

Twee maande gelede het Kobus Roode en sy swart konstabel vir Nils, Conrad Nils, vasgetrek en voor die hof gebring. Conrad Nils, 'n eksentrieke skilderkunstenaar wat tussen die Zoeloes gewoon het en 'n eie geloofkultus vir hulle begin uitbou het. Hulle het aan hom belastings betaal en hom die Groot Towenaar genoem, die geseënde van die Tokkelossi en die herrysde gees van Tsjaka. Hulle het opstandig begin raak, die Zoeloes. Hulle het geëis dat die Groot Towenaar hulle erkende heerser word. Daar was wel teenstand, maar diegene wat teenstand gebied het, is wreed vermoor. Verskeie Zoeloekapteins is aan stukkies gekap. Kobus Roode het die hele Suid-Afrika verras toe hy aan die lig gebring het dat die Groot Mtagati 'n witman is, 'n blanke kunstenaar en voormalige sendeling. Vir weke kon die koerante net oor hierdie ontdekking skryf. Toe kom die opspraakwekkende hofsaak. . . en nou nader die uur van die Mtagati se teregstelling, en nog steeds is die mense in spanning, in 'n toestand van afwagting. Het die Groot Mtagati dalk 'n troefkaart? Hierdie vraag doem telkens selfs by Kobus op. In die hof was Conrad Nils so selfversekerd, so openlik oortuig dat hy bonatuurlike magte besit, dat hy breed geglimlag het toe die doodvonnis oor hom uitgespreek is.

Die eerste dag van die hooggeregshofsaak het Umkoni, Kobus se getroue swart konstabel, aan Kobus met bewende lippe kom sê:

„Die Mtagati laat weet met die tolk dat ons een van die dae sal sterf, Basie. Die Wit Towenaar sê die Tokkelossi sal hom red. Hy sal nie sterf nie en dan sal hy terugkom om die wit polisieman en vir Umkomi om die lewe te bring. . ."

„Hy praat sommer, Umkomi," het Kobus hom probeer gerusstel, maar hy kon sien dat Umkomi deur 'n soort primitiewe vrees oorweldig was. „Die Wit Towenaar is boos en hy is nie reg in sy boonste verdieping nie. Hy is wel 'n duiwel, maar hy is nie onsterflik nie. Jy sal sien dat die witman se galg

'n einde aan sy boosheid sal maak.''
Umkoni het sy kop geknik, maar dit was vir Kobus duidelik dat hy glad nie op sy gemak voel nie.
,,Dit is miskien waar, Basie, maar die Zoeloes glo vas dat die Wit Towenaar die galg gaan vryspring, òf deur sy eie towerkrag òf deur die toedoen van die Tokkelossi. Ek hoor hulle sê dat hy uit die tronk sal kom en dat die Wit Towenaar dan groter mag sal hê. Hulle kyk my snaaks aan, Basie. Een van die Zoeloes wat die hofsaak bygewoon het, het my reg in die gesig gekyk en bibberend gevra: ,,Hoekom het jy die Wit Towenaar verraai? Is jy nie bang nie, nie bang vir die wraak van die Wit Towenaar nie? Hoekom kruip jy nie solank diep in 'n erdvarkgat weg nie''?''
Kobus het dit probeer aflag, en toe het hy aan Umkoni gevra:
,,Glo jy aan die bestaan van 'n Tokkelossi en glo jy aan die mag van die Wit Towenaar?''
,,Nee. . . nee,'' was sy besliste antwoord. ,,Nee, ek glo nie daaraan nie, maar die ander glo dit vas, en soms vrees ek dat die Tokkelossi miskien tog kan bestaan, al glo die witmense nie in hom nie.''
,,Ek dink jy moet maar 'n paar dae verlof neem, Umkoni. Jy het hard gewerk,'' het Kobus aan die hand gedoen. ,,Gaan kry vir jou 'n verlofvorm en vul dit in en gaan 'n paar dae na jou vrou toe.''
Umkoni het dadelik breed geglimlag.
,,Dit is net wat ek die basie wou kom vra het. . . Ek. . . ek is rêrig nie bang vir die Wit Towenaar en sy Tokkelossi-storie nie, my basie, maar ek dink rêrig ek het bietjie ,holiday' nodig.''
Kobus Roode het die verligting op Umkoni se gesig gelees. Dit was vir hom duidelik dat Umkoni oorgretig was om weg te kom uit die hoofstad en onder die oë van die Wit Towenaar en die kritiese blikke van sy rasgenote uit.
En nou is Umkomi al geruime tyd weg en môre word die vonnis op Conrad Nils, die eksentrieke kunstenaar, voltrek. En ses vooraanstaande verteenwoordigers van die Zoeloenasie kom kyk of hy regtig sal sterf. En as Conrad Nils sterf, sal hulle terugkeer na hulle kraal om die Zoeloes te gaan meedeel:
,,Ons het gesien. . . Die Wit Mtagati is dood. Die Tokkelossi het hom nie gehelp nie.''



Kobus Roode ledig sy glasie in die sitkamer van die polisieklub en bedank 'n tweede een. Hy is nou vaak en moeg en verkies liewer om te gaan slaap.
,,Wel, Roode,'' praat maj. Wim Snyman weer. ,,Ek skat jy is môre nie meer hier nie. Jy vertrek terug na die bergwêreld toe. Ons glo jy is die enigste man wat ná hierdie petalje die gemoedere van die Zoeloes 'n bietjie kan sus. Wanneer die ou swart nasie eers weer kalmeer het, laat ek jou persoonlik terugkom Pretoria toe. Hier is ingewikkelde speurwerk vir jou. . . Jy sal steeds minder van die platteland sien.''
,,Hoe jammer is ek om dit te hoor, Majoor. U weet ek hou veel meer van die platteland. Ek glo vas dat ek in die stad nie so goed sal wees nie. Ek bekruip 'n moordenaar liewer tussen die bosse, as deur nou gangetjies en tussen voetbevuilde sinkgeboutjies deur.''
Die Majoor lag heerlik daaroor, en Kobus groet hom met die hand en verlaat die klub. Hy loop haastig deur die strate. Sy hotelkamer is nie ver daarvandaan nie. Die strate is bra stil en eensaam. Die groot horlosie by die stadsaal kondig elfuur aan. Dit is later as wat hy gedink het. Hy loop by die polisieselle verby, en weer dink hy aan Conrad Nils, die witman wat die ganse Zoeloenasie voor hom op hulle knieë gehad het, wat reeds sy eie belastingstelsel onder hulle ingevoer het. Deur gebruik te maak van hulle bygelowigheid het hy hulle laat glo dat hy 'n gesalfde van die Tokkelossi is, dat hy 'n groot gees is wat hulle weer 'n vry Zoeloenasie sal maak, en dat as die Zoeloes na hom luister, hulle Natal, die hele Natal, as hulle land sal terugkry. En selfs die ou Zoeloes het begin glo dat die Wit Mtagati Tsjaka in 'n nuwe gedaante is. Hulle het begin glo dat die voorvadergeeste dit goed gevind het om vir hulle 'n wit verlosser te stuur omdat 'n Wit Mtagati net so slim is soos die witmense.
Conrad Nils met sy deurdringende blou oë en sy pikswart hare wat tot laag in sy nek hang, het slegs een keer beveel en dan was sy moordenaars gereed om enigeen die kop in te slaan. In die bosse en naby die spruite van Natal het Kobus Roode die verbryselde oorblyfsels van menige jong Zoeloe ontdek, die slagoffers van die moordenaars van die Wit Mtagati. Oral waar 'n Zoeloekraal was, kon Kobus die invloed van die Wit Mtagati bespeur. Dit was nie net by die waterkuile, diep in Zoeloeland, waar sy swaard regeer het nie, maar tot in die kleinste

Zoeloehutjie naby die Vrystaatse grens, diep tussen die berge waar daar selde 'n wit konstabel gesien word.

Die Zoeloes het begin glo dat hy reën kon maak, siektes en pes onder hulle vee kon verhoed. Hulle het begin glo dat die Groot Mtagati vuur uit die lug kan laat neerdaal.

Die boere het die eerste begin agterkom dat die Zoeloes onrustig word en selfs opstandig. Hulle het die eerste gehoor van die Wit Towenaar en sy magte. En toe Kobus op die spoor van die Mtagati en al sy klein Mtagati's vertrek, het reeds sestien lyke tussen die bosse vermink gelê, en voordat hy die Wit Mtagati kon uitlewer, moes 'n blanke konstabel en sy twee swart helpers ook eers die Wit Towenaar ten prooi val.

Die hele Suid-Afrika het weke lank gesis oor die identiteit van die Wit Towenaar van Natal, en toe Kobus Roode eindelik daarin kon slaag om die Wit Mtagati te ontmasker, het Conrad Nils, eksentrieke kunstenaar, daar voor hulle gestaan—Conrad Nils, 'n blanke wat oorspronklik van Swede afkomstig was, 'n vermaarde teoloog en 'n man met 'n forse persoonlikheid, 'n leier en boonop 'n vernuftige hipnotiseur, het sommige gefluister.

Die nuus van sy gevangeneming is 'n banieropskrifte in die koerante aangekondig.

**„DIE WIT TOWENAAR EINDELIK ONTMASKER."**
**BLANKE KUNSSKILDER VERANTWOORDELIK VIR WREDE MOORDE IN NATAL.**

In swart letters het die inwoners van Suid-Afrika die skokkende nuus gelees. Toe het almal die hofsake met belangstelling gevolg. Dit het alle ander nuus in die koerante verdring. Maar nou is alles verby, dink Kobus, toe hy met die trappe opgaan na sy kamer op die boonste verdieping van die luukse-hotel. Ja, nou is alles verby. Môre wanneer die son opkom, sal die Wit Mtagati se nek deur die galgtou afgeruk word!

Die Tokkelossi sal hom sekerlik nie kan red nie.

Met hierdie laaste gedagte aan die Wit Mtagati en aan die Tokkelossi trek Kobus Roode die komberse oor hom en skakel die lig bokant sy hoof af.



## Hoofstuk 1

## DIE WIT TOWENAAR

Conrad Nils voel ietwat senuweeagtig. Hy stap op en af in die dodesel. 'n Oomblik gelede het hy vinnig aan sy keel gevoel. Hy het dit gedoen toe die galg onwillekeurig in sy gedagte gekom het.

Die hoofbewaarder was 'n paar minute gelede hier by hom om hom te vra of hy nie iets te drinke wil hê nie, sterk drank as hy wil, maar Nils het dit geweier. Hy het die hoofbewaarder versoek om sy suster te ontbied. Hy het haar om agtuur verwag, maar sy het nog nie opgedaag nie, het hy gesê. Nou is die hoofbewaarder uit om toe te sien dat sy laaste wens uitgevoer sal word.

Conrad Nils byt so 'n slaggie aan sy naels en dan staar hy weer na die bedjie in die hoek waarop hy reeds soveel benoude ure deurgebring het. Dit is egter eienaardig dat hy nog nie een keer werklik bang was nie. Tydens die lang hofsaak het hy 'n plan gekry en hy het hard aan daardie plan gewerk. Sy planne is lank reeds agtermekaar, en nou wag hy net vir Gerhard, dan sal die poppe begin dans.

Conrad Nils se gesig lyk verouderd. Hy het die afgelope tyd geweier om te skeer, maar 'n uur gelede het hy self die skeermes hanteer. Hulle moes vir hom 'n spieël en al die benodigdhede bring. Nou is hy kaal en glad geskeer, maar die diep groewe op sy voorhoof verraai nog dat hy erg bekommerd is en dat hierdie lang weke in die beskuldigdebank op hom begin tel het.

Nils is korterig, maar hy het deurpriemende oë, oë wat byna groenagtig vonkel as hulle reg in jou oë kyk. Die hare is swart en hang laag in sy nek.

Hy loop tot by die seldeur en bal sy vuiste. Gerhard moet nou kom, anders gaan sy laaste kans verby! Hy hoor voetstappe in die donker gangetjie af na sy sel toe. Sy hart gee 'n sprong. Dis is nou seker hulle.

Nils hoor die geklinkel van die sleutels in die bewaarder se hand. Die sleutel knars in die slot en die deur swaai oop. 'n Dowwe lig val in die dodesel in. Voor hom staan die lang, frisgeboude bewaarder en langs hom staan 'n man in swart drag. Vir 'n oomblik skrik Conrad Nils en vryf oor sy

voorhoof. In daardie oomblik dink hy dat hy hom misgis het met die tyd en dat dit reeds môre is, dat hierdie man in sy swart klere die laksman is wat hom nou kom haal. Hy deins effens terug.

,,Toe maar, Nils. . . daar is niks verkeerd nie. Dit is 'n predikant hierdie. Hy wil weet of jy nie 'n uurtjie saam met hom wil deurbring nie.''

Conrad Nils byt op sy onderlip en hy sien hoe dat die man in die swart klere glimlag. Nils skud sy boskasie.

,,Vat hom weg! Julle weet dat ek nie in julle soort God glo nie! Vat hom weg! Ek wil hom nie sien nie! Ek het julle gevra dat julle my suster moet bring! Ek het julle haar telefoonnommer gegee! Waarom laat julle haar nie kom nie? Ek het nie 'n predikant nodig nie!'' vaar hy heftig teen die bewaarder uit.

Die bewaarder kyk onthuts na die predikant, maar die dominee het reeds sy rug op die gevangene gedraai en hardop gesê:

,,Mag die Here hom genadig wees.''

Die bewaarder staan 'n ruk in die seldeur stil en hy kyk Nils 'n paar oomblikke bitsig aan. Hy het nie besef dat hierdie man so hard kan wees nie. Hy het nou tot die oortuiging gekom dat Conrad Nils se hardheid 'n soort kranksinnigheid is. Die man is mal. Geen man met gevoel kan so hard wees nie. Die bewaarder kan nie help om die veroordeelde hard aan te spreek nie:

,,Is jy werklik so hard, Nils? Besef jy nie dat jy môre sterf nie? Is jy dan nie bang nie? Voel jy dan nie lus om uit te roep na God om genade nie?''

,,Hou tog jou mond, bewaarder, en as jy nie my laaste wens aan my wil toestaan nie, laat weet die superintendent dat ek hom wil spreek. Ek is geregtig daarop.''

Die bewaarder swaai sy rug na hom toe.

,,Jy moet jou klaar maak om te sterf, Nils. Jy glo tog nie nog dat die Tokkelossi jou sal help om hier uit te kom nie? Ek het gedink jy glo maar net aan die Tokkelossi omdat jy heuning om die mond van die Zoeloes wou smeer, maar nou weet ek dat jy daaraan glo omdat jy mal is, stapelgek!''

Met hierdie laaste woorde ruk hy die seldeur toe en sluit dit andermaal. Binne hoor hy die gekoggellag van die veroordeelde.



Op daardie oomblik staan daar 'n jongerige meisie met rooi gehuilde oë by die hoofbewaarder in sy kantoor. Sy is slank gebou, en terwyl die hoofbewaarder simpatiek met haar praat, verberg sy haar gesig gedurig in haar sakdoek. Toe hy haar groet, het hy geweet dat dit Conrad Nils se suster is. Sy lyk sprekend na hom, maar noudat hy haar bietjie van naderby wil bestudeer, steek sy haar kop telkens weg, slaan haar oë neer en werskaf aanhoudend met 'n sakdoek voor die gesig. Die hoofbewaarder het haar so pas deeglik laat deursoek deur 'n vrouebewaarder om seker te maak dat sy nie 'n bottel gif by haar dra wat vir haar broer bedoel is nie.

,,Julle verneder mens hier,'' snik sy in 'n skor stem.

,,Ek is jammer as ons jou leed aangedoen het, Juffrou, maar ons moes jou visenteer. Conrad Nils is vol streke.''

,,En julle is bang dat hy selfmoord sal pleeg en op hierdie wyse julle moorddadige hande sal vryspring. Of het julle werklik geskrik vir sy mal praatjies dat die Tokkelossi hom sal red? En dink julle miskien ek is die Tokkelossi?''

Sy praat bitsig, maar in 'n huilerige stem en met haar hoof nog steeds vooroor sodat die bewaarder nie geleentheid kry om haar vol in die gesig te kyk nie.

,,Kom, Juffrou, ek sal jou persoonlik na jou broer neem. Hy wil geen mens sien nie, maar 'n oomblik gelede het ek 'n dominee na sy sel toe gestuur. Moontlik is dié nog daar, dan sal jy 'n oomblik moet wag.''

Sy antwoord nie, maar sy snik nog. Sy stap half voor die hoofbewaarder.

In die nou gang kom die hoofbewaarder die predikant en die bewaarder teen. Die bewaarder steek voor die meisie vas en hy sê aan sy meerdere:

,,Hy verkeer in 'n ellendige stemming. Hy wil net sy suster sien. Ek skat dit is sy suster.''

Die hoofbewaarder knik en hulle stap verby. Agter hom hoor hy die gemompel van die bewaarder:

,,Hy is die duiwel self en daarom glo ek dat die duiwel hom nog kan help om die galg vry te spring.''

Toe die hoofbewaarder voor die dodesel se deur vassteek, fluister hy in die halfdonker aan die meisie:

,,Net tien minute. Ek kan u nie meer tyd gun as tien minute nie.''

Conrad Nils staan by die deur as die hoofbewaarder dit